# Oakbay-direkteur gevonnis tot 10 jaar direkte tronkstraf

**Tshwane, 8 Desember 2021 -** Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) mnr. Edward Kieswetter, verwelkom die 10-jaarvonnis wat die direkteur van Oakbay, mnr. DP Naik, opgelê is. Mnr. Naik is skuldig bevind op bedrog vir die oortreding van die Wet op Doeane en Aksyns, nadat hy uitvoerdokumente vervals het en sigarette terug na die Suid-Afrikaanse mark herlei het sonder om die aksynsregte vir invoer of uitvoer te betaal.

Mnr. Naik het beweer dat die maatskappy sigarette na Zambië uitgevoer het. Hierdie uitvoere is ondersoek en as valse uitvoere bevind. Hierdie oortreding is gepleeg om regte en aksyns betaalbaar op hierdie sigarette te omseil.

Hy is skuldig bevind op vyf aanklagte van bedrog en vir die oortreding van artikel 80(1) van die Wet op Doeane en Aksyns. Volgens bewyse gelewer in die Johannesburgse streekshof, beloop die totale verlies aan SARS R18 miljoen.

Mnr. Kieswetter het die ondersoekspan en die samewerking deur die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) geloof vir die versekering van 'n skuldigbevinding en vonnis.

"SARS sê herhaaldelik dat die organisasie dit moeilik en duur sal maak vir belastingpligtiges en handelaars wat moedswillig die wet oortree en die SARS-mandaat vir die invordering van inkomste ondermyn.

Ons is daartoe verbind om belastingpligtiges en handelaars wat vrywillig hul pligte wil nakom te help. Heelwat digitale kanale is oor die jare geskep om dit maklik en eenvoudig te maak vir sodanige belastingpligtiges om hul pligte na te kom.

Hierdie skuldigbevinding en vonnisoplegging moet 'n sterk boodskap stuur dat SARS geen toleransie het vir sodanige kriminele optrede nie en alle opsies aan hul beskikbaar sal gebruik om hierdie kriminele te vervolg," het mnr. Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.